
# OLOFF DIE SEEROWER


No. 4



Ons land en ons seë het soms skitterende handelsvaarders met skatryk vragte vanaf die Ooste gekom. In afgeleë skuilplekke het die skuim van die see op hulle geval en toegeslaan.
Oloff die Seerower is 'n reeks kleurvolle verhale van verbete stryd om ons kuste. Dit vertel hoedat 'n baie dapper, eintlik roekelose jong man, uitvoering gegee het aan 'n eed om die seë van die wetteloses skoon te vee.

# OLOFF DIE SEEROWER

No. 4



Die groot tappery langs die sanderige hoofstraat van Deelenbaai is vol babbelende, laggende en selfs skreeuende mans en vrouens. Die uiteenlopende kleure van die mans se driekwartbaadjies kniebroeke verhelder die vertrek. Die meeste van hulle is taamlik goed gekleed aangesien almal in die Hanekraaitappery minstens van stuurmanstatus is. Die gewone seerowergespuis word nie hier toegelaat nie, want inderwaarheid is die Hanekraai die „paleis" van die massiewe Admiraal wat Deelenbaai met 'n ysterhand regeer.

Die tappery se naam is gepas, want gewoonlik duur die byeenkomste hier tot selfs ná die eerste hanekraai in die vroeë môre. Hier word die wette van die seerowergemeenskap ontwerp en hierheen kom die kapteins ná hul kaperreise ver noord of suid van Madagaskar om te rus en te ontspan. Geld rol in Deelenbaai soos in geen weelderige Europese hofhouding of, soos sommige al opgemerk het, selfs in die Ooste nie. Om die arms en halse van selfs die platste vrouens hang juweliersware van onskatbare waarde. Dit is geskenke wat hul seerowerminnaars na Deelenbaai terugbring ná geslaagde rooftogte op die groot handelskepe wat met ryk ladings heen en weer tussen die fabelagtige Ooste en Europa vaar.

Om hierdie skatte te verkry het die seerowers maar net hulle lewe gewaag—en hul lewe beteken vir hulle niks! Hulle heg dieselfde waarde aan die buit, want nadat hulle maande op see deurgebring het en menige keer in lewensgevaar verkeer het, kom hulle hierheen terug om binne 'n paar weke hul koffers leeg te drink en te baljaar. Op dié wyse word die tappery-eienaars en die paar permanente inwoners van Deelenbaai skatryk, maar tog beland die grootste gedeelte van die seerowerbuit uiteindelik in die skatkamers van die man wat homself die Admiraal noem. Hy beskou hom as 'n afgetrede seerower. Hierdie hawe het hy vir die seerowerkapteins veilig gemaak. Nou hef hy swaar belastings, vernaamlik op die tappery-

eienaars; daarvoor verkry hulle dan die reg om daar handel te dryf. Soortgelyke belastings word op die eienaars van besoekende skepe gehef—in dié geval weer om hulle te beskerm teen buitensporige pryse van drank en voedsel!

Weerskante van Deelenbaai loop die heuwels met 'n punt in die see. In die groot kom tussen hulle lê die beskutte hawe en agter die dorp, wat amper op die strand gebou is, is vrugbare grond. Hier is tuine, landerye en boorde aangebring. In die groot slawekamp op die buiterand van die dorp word honderde matrose wat op handelsvaarders en ander skepe gevange geneem is, as slawe aangehou om die tuinerye te bewerk en sodoende die gemeenskap en die besoekende skepe van voedsel te voorsien.

By 'n groot ovaaltafel voor die lang toonbank sit die Admiraal. Hy kyk onder sy dik wenkbroue deur na een van die kapteins aan die oorkant van die tafel. Hy keur gewoonlik persoonlik die paar kapteins en ander vriende wat toegelaat word om saam met hom by die hooftafel te sit. Niemand waag dit ook om daar plaas te neem tensy dit op uitnodiging van die Admiraal self geskied nie.

Die man na wie die Admiraal kyk, is 'n blas kêrel. Hy het groot, donker oë en 'n plat gesig. Sy snor sluit by die swart toutjiesbaard om sy ken aan; dié is amper vier duim lank.

Juis op hierdie oomblik slaan hy weer met sy linkerhand op die tafel onderwyl hy 'n beker wyn met die regterhand na sy lippe toe bring. Hy stort 'n bietjie daarvan op sy bors.

,,Ek is een van die oudste kapteins hier, en ek sê julle dat ek mans genoeg vir julle almal is!'' Hy praat sleeptong en dit is baie duidelik dat hy heeltemal te veel gedrink het. 'n Paar van die mans digby hom kyk hom skuins aan. Dan draai hulle doelbewus kop weg en gesels met mekaar, want hulle het reeds opgemerk dat Borghort se houding die Admiraal nie aanstaan nie.

,,Hy sal hom nog vasloop,'' mompel die Admiraal aan 'n jong kaptein langs hom. ,,Borghort raak te groot vir sy skoene.''

,,En as daar enigeen van julle is wat my woorde in twyfel trek,



moet julle dit net sê. Dan kan ons die saak sommer nou dadelik hier uitmaak!'' bulder Borghort.

Die Admiraal stamp aan die kaptein langs hom. Hy leun oor en fluister in sy oor.

,,Hoekom neem jy nie sy uitdaging aan nie, Masson?'' por hy hom aan.

Die jong Masson kyk half verskrik om. Hy kan nie dadelik vasstel of die Admiraal dit werklik bedoel nie.

Dan bars die massiewe man uit van die lag. Hy stamp met sy vuis op die tafel.

,,Julle kan almal vir Borghort sit en lag,'' roep hy uit, ,,maar julle is tog nog skrikkerig vir hom, nie waar nie? Hy is wel deesdae nors en iesegrimmig, maar voorheen was hy een van die opgewekste tussen ons—en hy bly nog steeds bobaas met die swaard en die pistool!''

,,En jý kan dit gerus ook onthou!'' snou Borghort die Admiraal toe.

Dit is asof iemand die Admiraal in die gesig geklap het. Hy swaai om en gluur Borghort verwoed aan.

,,Ek doen vir jou 'n goeie woord en dit is die dank wat ek kry!'' bulder hy.

,,'n Goeie woord!'' werp Borghort terug. ,,Watter nut kan dit miskien vir my hê?'' Hy is te besope om te besef wat hy sê.

Die ander kapteins om die tafel het reeds almal orent gekom. Hulle bly huiwerend staan, want hulle weet nie wat hulle behoort te doen nie. Dit is die eerste keer in die geskiedenis in Deelenbaai dat iemand dit durf waag het om so met die Admiraal te praat.

,,As hierdie petalje nie al meer vantevore plaasgevind het nie, sou ek geneig gewees het om maar te aanvaar dat jy te beneweld van die drank is om te weet wat jy doen.'' Die Admiraal se gesig is rooi van woede. ,,Maar dit is nou een keer te veel. Deur jou misstappe het ons al verskeie goeie manne verloor. Jou kastige dierbare vriend, Ben van Osse, is daarmee heen. Dieselfde lot het die Ketnerbroers getref. Om van Meert en Jorrit nie eens te praat nie! Almal wat met jou deurmekaar geraak het, is nie meer

by ons nie. Hulle was knap jong kapteins wat groot roem kon verwerf het. Ek wonder selfs dikwels of ons jou stories in verband met Oloff die Seerower moet glo. Uit wat ék van hom gesien het, skyn hy 'n beter man te wees as tien van jou soort!"

Hierdie smalende woorde laat Borghort uit sy stoel opspring. Hy gooi sy beker wyn van hom af weg.

,,Ek het nog altyd geweet julle wantrou my!" roep hy hard uit. ,,Ek weet dat julle graag van my ontslae sal wil wees. Goed, ek sal gaan. Ek sal Deelenbaai verlaat en nooit weer terugkom nie. Maar wee die man wat ek in die hande kry!"

Sonder meer draai hy hom om en nadat hy hom 'n slag effens teen die tafel gestut het, stap hy oor die ruim vloer en met die paar trappies op by die voordeur uit. Digby die deur sit twee jong offisiere. Hulle wag totdat Borghort amper drie minute uit is voordat hulle opspring en hom ongemerk volg. In daardie drie minute voordat hulle die Hanekraai verlaat het, het hulle egter alles gehoor wat daar by die hooftafel gepraat is. By die kapteins wat hulle om die Admiraal geskaar het, het dit aan planne om hierdie astrante Borghort 'n les te leer nie ontbreek nie—en die soort les wat hulle voorgeskryf het, was niks anders as 'n doodsvonnis nie.

Die twee offisiere hardloop straat op. 'n Ent voor hulle sien hulle die slingergang van kaptein Borghort. Hulle sluit hul weerskante van hom aan en stut hom aan sy arms. Half verdwaas kyk hy hulle aan.

,,A!" roep hy sleeptong uit. ,,My getroue Cuyler. En my stuurman Berandi. Julle het my darem nog nie verlaat nie."

,,Hulle praat wild daar in die tappery, kaptein," sê Cuyler gedemp. ,,Ons sal dadelik moet vertrek."

Borghort ruk sy arms uit hul greep. Hy gaan botstil staan.

,,Vertrek!" bulder hy uit. ,,Ek, Borghort, hier weghardloop soos 'n hond met sy stert tussen die bene! Ek weghardloop van daardie skorrie-morrie! Die klomp papbroeke wat te bang is om aan hul wapens te raak solank ek hulle in die oë kyk! Ek vertrek!" Hy aarsel asof hy die woorde nie kan uitkry nie. ,,Vertrek!" sê hy dan weer, maar hierdie keer is dit asof hy



begin nadink. ,,Miskien moet ons maar gaan. Ons sou in elk geval môreoggend met hooggety die baai verlaat het, nie waar nie, Cuyler?"

,,Ons sou, kaptein. Daar is dus geen kwessie van weghardloop nie."

'n Halfuur later roei Borghort en sy twee manne met 'n skuit uit na die groot skip in die middel van die baai. Borghort gaan dadelik na sy kajuit en strek hom op die slaapbank uit. Cuyler neem bevel en stuur die paar beskikbare manne teen die maste op. Berandi gaan inderhaas 'n draai by die kroeë maak om soveel as moontlik van Borghort se bemanning op te spoor. As hy met die laaste vrag half besopenes—en ander wat bewusteloos in die bodem van die skuit lê—aankom, laat Cuyler die ankers lig.

Daar is 'n ligte bries van die land af. Die groot kaperboot se vaart neem vinnig toe en met 'n wit skuimrand weerskante van die boeg ploeg dit deur die nou ingang van die baai en draai dan noordwaarts soos Borghort reeds vroeër in die dag bepaal het.

Die volgende oggend kort na dagbreek verskyn die kaptein op die kampanjedek. Cuyler het reeds gaan slaap, maar Berandi is nog by die stuur. Borghort beveel een van die bemanning om oor te neem sodat die stuurman kan gaan rus. Dan gaan staan die seerowerkaptein by die reling en tuur voor hom uit.

Sy gedagtes dwaal terug oor sy seerowerloopbaan. Op sy fleur was hy een van die berugste en seer seker een van die mees gevreesde kaperkapteins op die Indiese Oseaan. In Deelenbaai het hy altyd aan die Admiraal se regterhand gesit. Die jonger kapteins het hom bewonder en in alle opsigte probeer na-aap.

Hy het bevriend geraak met Ben van Osse en nadat hulle saam op strooptogte uitgegaan het, het hulle altyd met die grootste ladings buit teruggekeer na Deelenbaai.

As Borghort so terugdink, beskou hy sy en Ben se ekspedisie na die Kaap die Goeie Hoop as die keerpunt van sy loopbaan. Hulle het in Valsbaai aan wal gegaan om voorrade in die hande te kry. Op 'n plaas in die omtrek het hulle 'n boer vermoor voordat hulle die plek afgebrand het.

Die man was een van die senior koopmans aan die Kaap. Hy het 'n seun gehad wat op 'n haar na soos Ben van Osse gelyk het en dié is daarvan beskuldig dat hy sy eie vader vermoor het aangesien een van die slawe wat aan die strooptog ontkom het, Ben van Osse aangesien het vir die koopman se seun.

Om sy onskuld te bewys het die jong man agter Borghort en Van Osse aan gevaar. Kruis en dwars deur die Indiese Oseaan het hy die seerowers gevolg en keer op keer het hulle aan die kortste ent getrek. Die jong man het mettertyd bekend geword as Oloff die Seerower. Uiteindelik het hy Van Osse ingehaal en hom doodgemaak. Sedertdien het Borghort al hoe meer gedrink. Hy het geleidelik al minder gewild geword in Deelenbaai, en ná die uitbarsting van die vorige aand besef hy wel deeglik dat die poorte van daardie seerowernes vir ewig vir hom gesluit is.

In Borghort se binneste brand die wraaklus. In Deelenbaai begin dit by die nietigste slaaf en eindig by die Admiraal. Op die wye oseaan is dit teen elke ander skip se bemanning gemik, maar veral teen dié van een skip—Oloff die Seerower s'n. Dis die man aan wie sy agteruitgang te wyte is!

In Borghort se verwronge brein neem 'n besluit vorm aan: Hy sal roof en plunder tot hy die magtigste seerowervloot in die Indiese Oseaan opgebou het. Dan sal hy Deelenbaai aanval en sal hy heers in die plek van daardie grootbek Admiraal.

Die een dag na die ander gaan verby, maar nog nie een keer het hulle 'n seil op die horison gesien nie. Reeds het die gedagte by Borghort posgevat dat selfs die noodlot nou teen hom gedraai het.

Drie weke later skreeu die wag uit die kraaines dat daar 'n skip aan stuurboord is. Borghort se blik verhelder. Hy skreeu om 'n verkyker te bring. Lank bestudeer hy die seile wat bokant die horison uitsteek.

Intussen jaag Cuyler die bemanning teen die touwerk op. Elke stukkie seil word gespan. Die groot kaperboot hel oor as Berandi effens van rigting verander.

As Cuyler langs die kaptein kom staan, draai Borghort na



hom toe. Sy oë is nie meer so rooi en bloedbelope soos die oggend ná hulle vertrek uit Deelenbaai nie. Hierdie nuwe vasberadenheid wat hom voortdryf, het sy dranksug laat wyk.

„Dit lyk na een van daardie Arabiese skuite wat altyd hier langs die ooskus van Afrika vaar op soek na slawe en ander buit. Heel waarskynlik is sy lading min werd—maar elke bietjie help, nie waar nie?"

Cuyler is nie in die minste opgewonde nie; hy weet dat skuite soos die een hier voor hulle selde of ooit sterk bewapen is, want die seerowers van die Indiese Oseaan jag gewoonlik op die handelsroetes en kom gewoonlik nie hier aan die noordoostelike kus van Afrika so digby die kus nie.

'n Uur later bulder die *Kroonprins I* se voorste stuurboordkanon. Die koeël plas skuimend skuins voor die boeg van die Arabier. Teen dié tyd is die drie groot voorseile reeds skuins getrek en lê die klein skip wiegend stil.

Borghort het al vantevore van hierdie Arabiese skepe gesien. Van die hoë kampanjedek af strek 'n lang, lae enkel dek tot teen die klein voorstewe. Dit loop uit op die dik, lae boegspriet wat skaars ses voet van die wateroppervlakte af is. Oor die oop middeldek is 'n veelkleurige tent opgeslaan. Dit bestaan gewoonlik uit verskeie vertrekke waarin die ryk sultans en sjeiks wat langs die kus opvaar, vertoef.

„Hy kom dalk van Zanzibar," sê Borghort aan Cuyler. „Hier van naby lyk dit of die skippie nogal taamlik luuks ingerig is. As een van die prinse aan boord is, is ons buit nog dalk veel meer as wat ons verwag het."

„Dit wil nie voorkom asof hulle hulle sal verset nie," meen Cuyler.

Borghort lag bars.

„So onnosel is hulle darem seker nie. Laat die skeepsboot neer, ek wil aan boord gaan."

Cuyler besef dat dit in elk geval 'n onbegonne taak sal wees om met die *Kroonprins I* tot langsaan die skippie te vaar en hy gee dadelik bevele om die boot te laat sak.

'n Paar minute later stuur Borghort Cuyler en 'n paar manne

oor die kant van die Arabier. Hy volg op hulle hakke. Net voor die kampanjedek kom hy die kaptein en 'n paar van die bemanning teë. Hy kyk na die bebaarde Arabier met die rooi pet op sy kop. Sy oë dwaal oor die lang, wye kleed en hy sien dat dit van duur handgeweefde materiaal is met pragtige versiersels. Die breë broek wat daaronder uitsteek en los hang waar dit om die enkels vasgegespe is, is van satyn; blink gespes skitter op die sandale.

Borghort kyk om na die tent met sy fyn kantwerk en dan terug na die kaptein. Hy glimlag.

,,Waarheen is julle op pad?''

,,Ons seil noord na Baderacha,'' antwoord die kaptein styf. Hy lyk effens verontwaardig. ,,Waaraan,'' verneem hy op sy beurt, ,,word hierdie besoek toegeskryf?''

Borghort gooi sy kop agteroor en lag hard. Die wyse waarop die man die vraag stel, is effens belaglik. Blykbaar besef hy nog nie met wie hy te doen het nie.

Onverwags hou Borghort op met lag. Hy staar die man stip in die oë en dit is duidelik dat iets hom getref het.

,,Waar kom julle vandaan?''

,,Ek is op pad van die sultan van Zanzibar met 'n geskenk aan sultan Harush Ben Nusaf van Baderacha.''

Borghort se oë trek nou. 'n Hele ruk staan hy stil en dink. Hy het al gehoor van die koninkryk van Baderacha. Harush Ben Nusaf se rykdom is legendaries. Selfs geen maharadja van die Ooste kan met hom vergelyk word nie.

In Borghort se brein ontplooi 'n plan. As hy sy kaarte reg speel, mag hy sy lewensdoel veel eerder bereik as wat hy ooit kon dink.

Hy glimlag vriendelik.

,,Ek sien dat julle nie voorbereid is op seeroweraanvalle nie?''

,,Ons word selde hier langs die kus lastig geval,'' antwoord die kaptein. ,,Dit is nou die eerste keer.''

,,O!'' roep Borghort uit. ,,Waarna verwys jy nou?''

,,Die vlag aan jou mas.''



Borghort kyk vinnig na die swart vlag op die *Kroonprins I*. Dan lag hy.

,,Ek is 'n reisiger uit Europa, op pad na Batavia. Ek het juis hierdie roete gekies omdat ek dit die veiligste ag om maar so na aan die kus as moontlik te bly. Daardie vlag is inderdaad my behoud. Kan jy dit verstaan?'' Hy gooi sy kop eenkant toe en kyk die man met opgehaalde wenkbroue aan.

Tot sy verligting—en verbasing—glimlag die Arabier. Hy knik sy kop goedkeurend.

,,Ek verstaan,'' sê hy.

,,Jy kan dankbaar wees dat ek op jou afgekom het. Ons het gister twee onaangename ontmoetings gehad. Maar,'' en Borghort haal sy skouers op onderwyl hy 'n gerusstellende gebaar met sy hande maak, ,,ek sal met julle saam vaar tot in Baderacha. Saam behoort ons twee skepe heeltemal veilig te wees.''

Die Arabier buig laag. Hy is oorstelp van dankbaarheid. Borghort draai hom om en klop Cuyler, wat hom stom van verbasing aanstaar, op die skouer.

,,Kom, Cuyler, ons vaar saam met hierdie goeie kaptein na die koninkryk van sultan Harush Ben Nusuf..''

Terug op *Kroonprins I*—nadat die Arabier sy seile reggestel het en die twee skepe ongeveer 'n kwart myl van mekaar af voortvaar—skud Cuyler sy kop.

,,Ek verstaan nie wat aangaan nie, kaptein.''

,,Jy sal gou genoeg agterkom, Cuyler. Dit sal nie meer lank wees voordat ons die magtigste vloot op die Indiese Oseaan sal besit nie.''

'n Week later vaar hulle die hawe van Baderacha binne. Voor hulle teen die helling van 'n heuwel lê die stad. Daar is terras op terras van pragtige domme en kurwende koepels waarlangs slanke torings soos spiese langs die staalhelms van krygsmanne die lug in steek. En hoog teen die heuwel, tussen pragtige tuine, staan die glinsterende paleis van sultan Harush Ben Nusuf. Hoë mure wat vlak langs die strand verbyloop, omring die ganse stad en van die *Kroonprins I* af kan Borghort-hulle sien dat die